CARBON NEUTRAL

TOYOTA
LEAD THE WAY

# MEDIA RELEASE

2 November 2022

## Toyota Corolla - beter hibriede tegnologie, meer toerusting, uitmuntende veiligheid

Die 12de geslag van die Corolla-sedan, wat in 2020 bekendgestel is, het die treffende nuwe ontwerptaal en TNGA-platform aangeneem wat hy met sy luikrug-stalmaats deel. Dit het danksy die splinternuwe platform, nuwe enjins en gewaagde ontwerp gehelp om die "nederige" Corolla van stylvolle pendelaar tot uitstaande sedan om te skakel.

'n Hibriede weergawe is in September 2021 by die Corolla-sedanreeks gevoeg, wat gehelp het om Toyota se baanbreker- hibriede tegnologie na sy hoofstroommodelle te bring.

**Nuwe kragbron**

Hoewel die 2021-model die bekende vierdegeslag- hibriede enjin van 1,8 liter gebruik het (dit is ook in die Corolla Cross gebruik), word die jongste weergawe deur 'n vyfdegeslag- petrol-elektriese hibriede dryfstelsel van 1,8 liter, wat verbeterde verrigting, verfyning en doeltreffendheid bied, aangedryf. 'n Nuwe Lithium-ioon-battery met verbeterde verkoelingskapasiteit is die kern van die opgradering.

Die vyfdegeslag- hibriede enjin bied 'n 14%-toename in algehele verrigting – van 90 tot 103 kW (+13 kW). Die bestaande Dynamic Force-enjin van 2,0 liter bly agter en kry 'n ekstra 1kW en 3 Nm – vir hoogste verrigting van 126 kW en 203 Nm. Brandstofverbruik kom op 'n beskeie 3,9 liter per 100 km vir die Hybrid en 'n ewe indrukwekkende 5,9 vir die 2,0 petrol-weergawe te staan, en $CO_2$-uitlaatgasse op onderskeidelik 90 en 134 g/km.

**Riaan Esterhuysen**
Bestuurder: Produkkommunikasie
Toyota Suid-Afrika Motors
011 809 2879
resterhuysen@toyota.co.za
www.toyota.co.za

Al twee enjinopsies is nou uitsluitlik aan Toyota se palwisseltransmissie (CVT) gekoppel, wat help om stelseldoeltreffendheid te vervolmaak en voorsiening maak vir bestaande markneigings.

**Buite-ontwerp-veranderings**

Die Corolla-sedan behou sy opvallende ontwerp, terwyl subtiele aanpassings gedoen is om die sedan- en luikrugweergawes te onderskei. Nuwe horisontale gleuwe in die voorste buffer vervang die huidige gaasontwerp, terwyl hersiene gietwerk vir die onderste luginlaat die twee modelle verder onderskei.

Hersiene kopligsamestelle gebruik nou dubbele ligdiode-kopligte (Bi-LED) met nuwe, groter, J-vormige dagryligte. Die DRL- en flikkerseinwerking word die eerste keer deur dieselfde beligtingsdiodes bewerkstellig , wat ’n tikkie visuele flair byvoeg.

Wanneer ’n mens na die agterkant beweeg, sien jy die lugverdeler in die onderste buffer het nou ’n heeltemal swart ontwerp.

**Rompkleure**

Kopers van die Corolla-sedan het ’n keuse van sewe rompkleure. Die bekende neutrale skakerings - *Glacier White*, *Satin Silver*, *Celestite Grey* en *Platinum White Pearl* - word aangevul deur *Cinnabar Red*, *Attitude Black* en *Moonlight Ocean Metallic*.

**Binneruimverbeterings**

’n Hersiene digitale instrumentgroep in die Xs-weergawes gebruik ’n groter 7"-veelfunksie-inligtingskerm (MID). Die Xr-weergawes behou die bestaande digitale instrumentgroep.

’n Nuwe, swart en rooi binneversiering-opsie bied kopers bykomende verpersoonliking buiten tradisionele swart. Alle weergawes het nou leerafwerking.

**Wiele en bande**

Die Hybrid-modelle ry almal op 16"-allooisierwiele met 205-55-R16-bande, terwyl die 2.0 Xr (petrol) met stylvolle turbine-vormige 18"-allooisierwiele met 225-40-R18-bande pronk. Modelle wat van die 16"-weergawes voorsien is, het ’n volgrootte spaarwiel, terwyl 18"-weergawes 'n ruimtebesparende noodwiel gebruik.

**Toerusting en ander eienskappe**

Die binnebeligtingselemente is na ligdiodes (LED) opgegradeer, wat uitstekende beligting en lae energieverbruik bied. 'n Kabellose laaier is by alle modelle gevoeg, wat moderne gerief bied terwyl bykomende USB-sokke - insluitend die nuwe Type-C-formaat - ook bygevoeg is.

**Intelligente inligtingvermaak**

Die Xs-modelle het 'n nuwe 8"-raakskerm-inligtingvermaakstelsel met elektroniese skakelaars vir maklike gebruik. Die Xr-modelle pronk met 'n nuwegeslag-stelsel met stemherkenning, kabellose Apple CarPlay en Android Auto sowel as ingeboude navigasie. Die insittendes kan ook uit verskillende vertoonmodusse en -ontwerpe kies.

**Veiligheid en sekuriteit**

Nog 'n belangrike verandering is die insluiting van Toyota Safety Sense 3.0 op alle Corolla-modelle. TSS 3.0 verteenwoordig die jongste vooruitgang van Toyota se aktiewe veiligheidstelsel, wat semi-outonome bestuurhulpmiddels insluit. Die kamerasensors se resolusie is hoër terwyl 'n lens met 'n wyer hoek gebruik word. Die radarsensors is ook verbeter, wat help om die reikafstand vir opsporing en herkenning te vergroot.

Soos voorheen bestaan die stelsel uit voorbotswaarskuwing (*Pre-Collision Warning*), aanpasbare spoedbeheer (*Adaptive Cruise Control*), baanhouhulp (*Lane Trace Assist)* en outomatiese hoëligstraal (*Auto High Beam (AHB).* Daarbenewens is die blindekolmonitor (Blind Spot Monitor) met agterkant-dwarsverkeerwaarskuwing (*Rear Cross Traffic Alert (RCTA))* en veilige-uitklim-hulp (*Safe Exit Assist (SEA))* ook deel van die Xr-pakket.

**Modelreeks en pryse**

Die bestaande tweemodelstrategie (Xs en Xr) word behou, wat drie modelle met twee enjinopsies in die reeks bied.

| | |
|---|---|
| Corolla 1.8 Xs Hybrid | - R 502 600 |
| Corolla 1.8 Xr Hybrid | - R 521 800 |
| Corolla 2.0 Xr CVT | - R 517 100 |

**Gemoedsrus**

Alle Corolla-modelle word met 'n 6-dienste/90 000 km-diensplan verkoop (versieningstussenposes is op 15 000 km vasgestel). Die petrolmodelle het 'n 3-jaar/100 000-km-waarborg, terwyl hibriede modelle 'n 8-jaar/195 000-km-waarborgplan het. Diens- en waarborgplan-uitbreidings kan ook by enige Toyota-handelaar (220 afsetpunte) gekoop word.

Alle Toyota-modelle is toegerus met Toyota Connect, waaronder 'n komplimentêre 15 Gb-Wi-Fi-toewysing, voertuigtelematika en verbeterde gebruikerskenmerke deu die MyToyota-toepassing.

- Einde -